# ONS NUUSBRIEF

**GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD**

**31 MEI 2026 Nr 22**


| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* | Skriba/ | *Pieter du Plessis* |
| | 051 436 2930/082 410 7447 | Koster: | 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* | Kerkkantoor: | 051 436 2932/082 570 1804 |
| | 083 776 6989 | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | 072 469 7778 | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | 072 784 9451 | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* | Kassier: | *Mariza Mosca* |
| | 079 888 8910 | | 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ | *Kerkkantoor* | Kerk: | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| Evangelisasie: | 082 570 1804 | Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| | | Sustershulpdiens: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 |


**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 31 Mei: Sr Annelie van Rooyen | 082 555 9692 | 04 Jun: Sr Anita Knoester | 063 267 1673 |
| 31 Mei: Sr Ansuné van Dyk | 081 317 1201 | 04 Jun: Oudl Hennie de Bruin | 082 335 2030 |
| 31 Mei: Sr Clarissa Coetzee | 083 319 8193 | 04 Jun: Sr Lydia van der Walt | 083 647 8282 |
| 01 Jun: Sr Annet Knoester | 083 885 7830 | 05 Jun: Br Stefan van Niekerk | 082 290 8889 |
| 02 Jun: Br Hannes Otto | 082 762 7892 | 06 Jun: Br Barry Coetzee | 061 326 5028 |
| 02 Jun: Br Martiens du Plessis | 082 550 9743 | 06 Jun: Sr Chrissie Coetzee | 072 643 4913 |

## SONDAG SE EREDIENS

Na aanleiding van die besluit deur Klassis Potchefstroom om hierdie Sondag as 'n *dag van verootmoediging en gebed* uit te roep, sal ds Kobus die erediens daarvolgens inrig. Die volgende omstandighede word as motivering gegee:

1. In die lig van die besluit van die Algemene Sinode van 2026 oor die onderwerp van VIDA, word spanning en verdeeldheid binne die GKSA ervaar.
2. Die krisis van stygende lewenskoste as gevolg van die oorlog in die Midde-Ooste, asook die wydverspreide en voortgaande uitbreking van bek-en-klouseer, tesame met die gevolge van onlangse streeksrampe soos vloede en veldbrande.
3. Die ellende wat veroorsaak word deur volgehoue korrupsie en misdaad, veral soos dit aan die lig kom binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in die lig van die Skriftuurlike belofte dat wetsgehoorsame burgers nie die owerhede hoef te vrees nie. (Rom. 13)

# GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos:***

*Maleagi 4 vers 17: Hulle sal vir My 'n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige.*

Maleagi maak melding in die hoofstuk dat gelowiges voel baie keer dat die wat nie glo nie beter leef en nie gestraf word nie. Dit mag op die oog af so lyk, maar ons glo nie in God om 'n beter of gemakliker lewe te hê nie. Ons toewyding aan God moet gegrond wees op liefde, uitverkiesing en genade.

Op die oordeelsdag sal daar 'n definitiewe skeiding kom tussen Christene en nie-gelowiges. Nie-gelowiges sal soos kaf verbrand en vernietig word.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die ***Pres. Kruger Kinderhuis*** te Reddersburg.

## KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Frans Rumpffstraat*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Groenvlei*** aan die beurt kom.

## SPESIALE KERKRAADSVERGADERING

‘n Spesiale vergadering van die Kerkraad en Diakonie sal hierdie Sondagmiddag om 15:00 in die kerkgebou gehou word.

## BROEDER TER APPROBASIE AS OUDERLING

Om as ouderling in die wyk *Santé* te dien, wor die naam van ***br Piet Botha*** van Santé 10 ter approbasie aan die gemeente voorgehou.

*Ons bid hom die seën van die Here toe by die oorweging van die roeping!*

## LIDMAATREGISTER

Met attestasie het oorgekom vanaf die Gereformeerde Kerk *Vryburg:* br Rudo Opperman en eggenote sr Louise Opperman.

Ons heet hierdie egpaar van harte welkom in ons gemeente en vertrou dat hulle baie gelukkig hier sal wees.

## GEMEENTE INLIGTINGSESSIE

Direk na hierdie Sondag se erediens sal daar ‛n kort inligtingsessie gehou word om die gemeente in te lig oor die stand van ons finansies waarna die katkisasie en teebediening normaalweg voortgaan. Oudl Jaco Kirstein, lid van die Finansiële Kommissie, sal 2025 se finansiële syfers asook 2026 se begroting voorhou. ‛n Vriendelike beroep word op lidmate gedoen om weer hulle sitplekke in te neem na afloop van die erediens.
Ons voorsien graag solank die volgende inligting:
Die grootste enkele uitgawe-item is die jaarlikse ramings wat vir die werksaamhede van die Admin Buro (R659 000), Streeksinode (R18 447) en Klassis (R5 148) oorbetaal moet word. Die Buro se finansiële jaar begin 01 Julie tot 30 Junie die volgende jaar.
Vir 2025/26 is die totale bedrag verskuldig R682 595. Dit beteken ‛n bedrag van R132 per belydende lidmaat per maand.
Tans is daar bykans ‛n derde van die 255 besoekpunte (ongeveer 150 lidmate) wat GEEN bydrae gee nie wat beteken dat hierdie lidmate deur die ander lidmate wat wel bydra, gesubsidieer word! Ons doen daarom ‛n baie ernstige beroep op die lidmate wat nie tans bydra nie om - *sover dit binne hulle vermoëns is* - ‛n bydrae te maak sodat ten minste elke lidmaat se R132 ten opsigte van die ramings, gedek kan word.
Die volgende opsies is beskikbaar om u bydrae's af te dra: elektroniese inbetaling of debietorder (bankbesonderhede verskyn voor op die blaadjie), die "Zapper"-toepassing (skanderingskode verskyn voor op die blaadjie) of kontantbydrae's wat in die Bydraekoevertjies wat op die houtkas in die voorportaal lê, geplaas kan word.
Aan die anderkant sê ons ook baie dankie vir dié lidmate wat wel getrou bydra. Per slot van sake doen ons dit nie vir ‛n menslike organisasie nie, maar enkel en alleen tot uitbouing van ons Hemelse Koning se koninkryk hier op aarde!

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroep aanvaar:*

- Proponent ER (Eugene) du Plessis na GK Kuruman

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE TWEEDE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***31 Mei*** | Gemeente Inligtingsessie<br>Spesiale Breë Kerkraadsvergadering |
| Sondag ***07 Junie*** | Ouderlinge en Diakonie vergadering afsonderlik |
| Sondag ***14 Junie*** | Voorbereidingsdiens |
| Maandag ***15 Junie*** | Spesiale Skoolvakansiedag |
| Dinsdag ***16 Junie*** | Jeugdag |
| Sondag ***21 Junie*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Vrydag ***26 Junie*** | Skole sluit |

# DIAKONIE
## HELP MET
# VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Handelinge 9:1-9 en<br>
: Filippense 3:1-14<br>
Teks : Filippense 3:10,11<br>
Sang : Lb 476:1,4<br>
: Ps 118:1,7<br>
: Sb 2-4:1,3<br>
: Ps 134:4<br>
: Sb 11-2:1,2,4

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

2 Petrus 3:18







Baie dankie aan al die vroue van die Gereformeerde Kerk Venterstad en die gemeenskap wat help en hope klere en huisware wat as donasies opdaag, uit te sorteer! Baie dankie aan die wonderlike gemeentelede van GK BFN Noord. Jul oop harte en meelewing is ongelooflik! Al die geld wat ingesamel word, word gebruik om die twee Sopkombuise in Venterstad, waar 400 kinders daagliks kos kry, te finansier!

Indien u 'n bydrae wil maak:

- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 9064463273 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr




Mootkamp is die GKSA se skoolverlaterskamp met die doel om geloofsgroei en geestelike toerusting onder jongmense te bevorder. Die kamp is spesifiek gerig op hoërskoolleerders (Graad 10–12) sowel as studente, wat dien as groepleiers en tog ook die nodige advies vir hulle lewens verkry.
Enige navrae rakende die kamp kan gerig word aan SJ Verhoef via WhatsApp. (066 391 7446)



Kuier

Gemeenskap

Lekker wees!

# Gereformeerde Kerk
# BLOEMFONTEIN-NOORD
# Kamp 2026

**RIVER OF JOY**
(20km buite Bloemfontein)

## 9–11 OKT. 2026

## AKKOMMODASIE & TARIEWE

| | | |
|---|---|---|
| **Eenheid 4:** | Dubbele eenheid | @ **R890** |
| **Eenheid 5:** | Gesinskamer (4 in een kamer) | @ **R1050** |
| **Eenhede 2, 3, 8:** | Gesins-eenhede (4 in twee kamers) | @ **R1150** |
| **Eenhede 6 & 7:** | 10-bed | @ **R1850** |
| **OF Slegs Eenheid 7:** | Dubbele eenheid | @ **R890** |
| **Eenheid 1:** | 7-slaapkamer | @ **R1750** |

## KAMPERING

- Kampering @ **R380**/staanplek/nag ing. eerste 2 persone
- + **R100**/ekstra volwassene
- + **R60**/ekstra per skoolkind
- Maks. 6 persone per *staanplek*
- Pensioenarisse @ **R330** vir twee

## DAGBESOEKERS

- **R80**/volwassene
- **R40**/skoolkind

## Baie pret vir die kinders!

- Speletjies
- Natuurlik ons dominee-vasvra!

**Almal welkom!**

Dagbesoekers vir die Saterdag ook welkom.

## ETES

- **Vrydagaand:** Bring en braai – bykosse word verskaf
- **Saterdag brunch:** Nacho's word verskaf
- **Saterdag laatmiddag – aand:** Braai (alles word verskaf)

*Bring snacks, drinkgoed en alle tipe persoonlikhede!*

*Kom braai en kuier saam en leer ken medegelowiges!*

*Skenkings van bykosse, pryse ens. sal verwelkom word!*

Besprekings: Karien van Rooyen
079 888 8910